Stella straat

Psalm 139

"U ken my"

Tuis-Adoramus 19 Julie 2020

Geskryf deur Fay van Eeden

Teks: Psalm 139

Tema: **"**U ken my"

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met jou huismense te doen. Berei net eers voor om die lied wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete

Willem, Anton, Tienie en Fay.

SKEP ATMOSFEER

Vind vir jou 'n plek waar jy kan stilword vir hierdie tuis-adoramus. Dit sal goed wees as jy 'n kers kan aansteek. Luister biddend na https://youtu.be/t4Svh-9ohg4

INLEIDENDE GEBED

Lees Psalm 71:5 as gebed drie maal

> ***U, Here, U is my hoop,***
> ***op U, Here, het ek van jongs af vertrou.***

SKRIFLESING

Lees Psalm 139 rustig deur, dalk 'n paar maal, en kyk watter woord of woorde praat met jou. Laat hierdie woorde by jou insink. Gee dan die geleentheid dat hulle in jou hart indring en wortel skiet.

Psalm 139

139 Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm.
Here, U sien dwarsdeur my,
U ken my.
[2]Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,
U ken my gedagtes
nog voordat hulle by my opkom.
[3]Of ek reis en of ek oorbly,
U bepaal dit,
U is met al my paaie goed bekend.
[4]Daar is nog nie 'n woord
op my tong nie
of U, Here,
weet wat dit gaan wees.
[5]U omsluit my van alle kante,
U neem my in besit.
[6]Dié wete oorweldig my,
dit is te hoog vir my begrip.
[7]Waarheen sou ek gaan
om u Gees te ontvlug?
Waarheen sou ek vlug
om aan u teenwoordigheid
te ontkom?
[8]Klim ek op na die hemel, is U daar,
gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.
[9]Vlieg ek na die ooste,
of gaan woon ek in die verre weste,
[10]ook daar lei u hand my,
hou u regterhand my vas.
[11]Ek sou die duisternis kon vra
om my weg te steek,
of die lig rondom my
om in nag te verander,
[12]maar vir U is selfs die duisternis
nie donker nie
en die nag so lig soos die dag,
duisternis so goed soos lig.

[23]Deurgrond my, o God,
deurgrond my hart,
ondersoek my, sien tog my onrus raak.
[24]Kyk of ek nie
op die verkeerde pad is nie
en lei my op die beproefde pad!

STILTE (5 MINUTE)

'N GEDAGTE OF TWEE

Ek deel graag 'n paar gedagtes wat met die lees van die Psalm in my hart kom wortelskiet het. Met die lees van die teks het drie woorde by my kom vassteek – '***U ken my'***.

Daar is iets besonders daaraan om raakgesien te word...geken te word. Daar is darem iets daaraan om iemand te hê (of dit 'n huweliksmaat, 'n ouer, boetie, sussie, vriend, vriendin) wat weet wat jy dink deur net na jou te kyk. Wat soos die Engelse sê – *they get you*. Hulle verstaan iets van hoe jou denke werk, jou emosies in jou sit, hulle weet wat jou kwaad maak en wat jou diep raak. Daar is iets daaraan om geken te word...dit laat ons geborge, veilig voel. Dit gee ons 'n plek om te behoort.

Die situasie waarin ons onsself tans bevind maak hierdie 'ken' moeilik.
Maskers maak dit moeilik om mense wat ons ken te herken.
Dit is moeilik om in die tyd nuwe mense te ontmoet en te leer ken.
En dit is byna onmoontlik om oor 'n telefoon of rekenaarskerm jou diepste emosies te deel.

En in die laaste tyd herken baie van ons ook nie altyd meer onsself nie – dis asof ons algemene positiewe lewensuitkyk en hoop vir die toekoms in die laaste tyd moes plek maak, eintlik geforseer is om plek te maak, vir bekommernis, negatiewe gedagtes en 'n gevoel van hopeloosheid oor die toekoms.

En dan kom Psalm 139 en verseker ons dat God ons raaksien en ons ken. Dat Hy alles van ons weet, verstaan. Hy ken ons beter as wat ons onsself ken.

Wat beteken dit vandag vir jou om deur God geken te word? Bedink hierdie vraag.

GEBED – ons lees die woord van VONKK 243 as gebed

Laat my nooit die grond verlaat nie.
Laat my in u skadu bly.
Gee dat elke aardse vreugde en vrees
eind'lik nietig word vir my.
Elke afdraaipaadjie ken ek.
Elke keer het ek gedwaal.
Elke keer het U my iewers kom haal.
Maak dit, Heer, die laaste maal.

Elke dag is 'n gedagte,
elke kamer net gehuur.
Elke aardse droom van rykdom en roem,
net 'n skadu teen die muur.
Wat ek is, is net genade,
wat ek het, is net geleen.
Eintlik smag ek na u waters van rus.
Lei my, Heer, vanaand daarheen.
Lei my, Heer, vanaand daarheen.

SEËNBEDE

Mag die wete dat God jou ken jou vertroos en versterk.

Amen.